LA RHONE LIMOUSINS

'jou vennoot in genetiese vooruitgang'

JANUARIE 2011

Met 2010 agter die rug, wens ons al ons Limousin vriende en –kliënte 'n voorspoedige en opwindende 2011 toe. Ons wens is dat hierdie nuwe jaar vir elke teler en belangstellende vol hoogtepunte en nuwe vriendskappe sal wees. Met die vrugte oestyd steeds in volle swang, is baie opwindende idees en projekte in wording op La Rhone. Baie dankie aan almal wat gedurende die vakansietyd 'n draai kom maak het – elke besoek is vir ons 'n heerlike hoogtepunt met lekker beeste kyk en gesels!

KALFSEISOEN 2011

Die nuwe jaar bring ook altyd die eerste kalwers van die seisoen. KI koeie kalf tans van Patocle, Leadwood Bred, Zipman, Hautclair, Sauvignon en DK0224. Die nageslag van hierdie bulle bied aan ons sowel as aan ons kliënte die ideale geleentheid om ons genepoel te verbreed deur die gebruik van nuwe bloedlyne. Die Humbug- en Hitman kalwers lyk reeds baie belowend en ons het ook pragtige kalwers op die grond van Harry Potter en Greenday (albei op 2010 veiling verkoop). Die eerste twee 2009 bulle wat ons geidentifiseer het vir gebruik het reeds elk 'n groep koeie en verse gedek. Hulle is LR095, Jacob (La Rhone Falcon x LR0429) en LR0931, Jameson (Sauvignon x RE0121).

BREEDPLAN KOMPETISIE

Soos die meeste van julle seker reeds weet, het Hitman vanjaar die toekenning ontvang as die algehele Breeedplan bul van die jaar (alle rasse). Ons koeigroep van 10 is ook aangewys as die Limousin koeigroep wenner. La Rhone Elegance, wat tydens verlede jaar se veiling vir die SA rekordprys van R100 000 aan Johan Faber verkoop is, het ook deel van die wengroep uitgemaak – net die beste is goed genoeg vir ons kliënte! Ons is baie dankbaar en trots op hierdie prestasies. Die blootstelling wat ons ras deur hierdie deelname en prestasies ontvang, word onderskat. Dit is tog 'n bewys dat die Limousin op enige vlak met enige ander ras kan meeding en wen.

LR 0810 La Rhone Hitman

LR0941 La Rhone Jigsaw Nas bulkalfkampioen

WINDHOEK SKOU

Van meeding gepraat … Hoe trots het ons medetelers in Namibië ons nie gemaak met hul prestasies in die interraskompetisie met, onder andere, die Goue Beker wenner, asook die algehele wenners van die slagoskompetisie. En dit in 'n land waar vleisbeesproduksie een van die primêre landbouvertakkings is! Weer eens 'n bewys dat ons die regte keuse gemaak het toe ons Limousin gekies het. Nogmaals baie geluk met hierdie prestasies.

PRESTIGE LENTEVEILING 2011

Ons veiling trek vanjaar 'n splinternuwe baadjie aan. Die datum en plek het verander na Saterdag, 3 September 2011 om 12:00 by ons op La Rhone. Die diere is reeds geidentifiseer en sluit die groot name in om te verseker dat voornemende kopers die geleentheid sal hê om die heel bestes uit ons kudde te bekom. Die aanbieding sluit in Hitman, LR0616 Fluff (SA Grootkampioen koei), nasionale skou klaswenners soos LR0841 Headboy, LR0941 Jigsaw (bulkalfkampioen) en LR0868 Hightide. Jacob en Jameson wat in ons stoet gebruik word, is ook op die lys, sowel as ander top bulle, 3-in-1 koeie en dragtige verse. Daar sal weer, soos in 2010, top bulle vir kommersiële gebruik wees.

Hierdie spoggeleentheid in die skilderagtige vallei van Tulbagh gaan, bo en behalwe die veiling, 'n gesellige samekoms van telers, kopers en vriende wees, wat ons glo 'n nuwe dimensie sal bring. Ons gaan reeds van die Vrydag af saam kuier met 'n lekker ete die aand by 'n wynkelder, so reel vroegtydig dat die naweek van 2 tot 3 September oopgehou word. Ons ondersoek tans die moontlikheid dat besoekers Tulbagh wyne en droë vrugte by die veiling sal kan koop om saam te neem, asook Limousin hemde en pette vanaf Telersgenootskap. Diegene wat van die diere in die kudde wil besigtig sal ook genoegsame geleentheid daarvoor hê. Alle diere sal natuurlik haltermak en skougereed wees en aflewering van die diere sal weer, soos in die verlede, kosteloos geskied. Verlede jaar se veilingdiere was almal by hul nuwe eienaars afgelewer binne 7 dae na die veling.

SKOUE EN UITSTALLINGS

Ons beoog 'n uitstalling by die 'Steak Week' wat van 14 – 16 April by die Hoër Landbouskool Boland plaasvind. Volgens die organiseerders sal alle rolspelers in die rooivleisbedryf hierby betrokke wees en ons sal verseker dat die Limousin daar raakgesien sal word.

Dit is verblydend dat al meer van ons telers besig is om diere voor te berei vir skoue. Skoue en boeredae bly van die beste bemarkingsgeleenthede en bied ook aan ons as telers die geleentheid om die werklike potensiaal van ons diere raak te sien. Daar is vir ons in die Wes-Kaap slegs een of twee vleisbeesskoue en ons hou die Landbouweekblad, Farmers' Weekly en Agriforum dop vir ander streke se skoufotos. Tog so lekker om te sien hoe goed julle diere voorberei is en hoe die Limousins hul plekke letterlik volstaan daar op die skoufotos. Baie sterkte aan alle telers wat vanjaar gaan skou – dis harde werk, maar verseker die moeite werd. Laat weet ons asb. waar julle skou en hoe julle gevaar het – ons vertrou dat julle dit net so baie soos ons sal geniet! Baie dankie ook by voorbaat aan almal wat by die Nampo stalletjie betrokke gaan wees. Ons het groot waardering vir die moeite wat hierin gaan tot ons almal se voordeel.

ALGEMEEN

Ons beplan ook binnekort 'n groot opdatering vir ons website met nuwe fotos, inligting, ens. Daar is van ons kliënte en vriende wat tans nadelig geraak word deur oorstromings en te veel reën. Baie sterkte aan julle – ons vertrou dat die skade nie te groot is nie. Onthou, ons sien altyd uit na nuus uit jul kudde en kom kuier wanneer julle in die Kaap kom!

Andre, Trudene & AJ du Toit
Sel : 082 787 9207 / 072 3773 792 , e-mail: larhone@obiekwa.co.za

www.larhone.co.za